higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1390**(A)**(J1)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

# OPENBARE FINANSIES N6

(21010076)

**1 Junie 2018 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
OPENBARE FINANSIES N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien NIE.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit twee afdelings.
2. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A.
3. Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in AFDELING B.
4. Lees AL die vrae aandagtig deur.
5. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

Beantwoord AL die vrae in AFDELING A.

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Inkomste sluit ... in.

A verbruikers tariewe
B welwillendheid
C verbruikersregte
D aandeelhouersekwiteit

1.1.2 Geld wat gehef word vir die gebruik van sekere produkte of dienste word na verwys as ...

A bybetalings.
B gebruikers koste.
C bankkoste.
D rentekoste.

1.1.3 ... belasting is belasting wat gehef word op regsdokumente vir die oordrag van eiendom.

A Invoer
B Uitvoer
C Seël
D Aksyns

1.1.4 Die koers van belasting op toegevoegde waarde word bepaal deur ...

A SARB (Suid-Afrikaanse Reserwebank).
B SAID (Suid-Afrikaanse Inkomstediens).
C die Minister van Finansies.
D lede van die parlement.

1.1.5 Belasting ...

A is verpligtend.
B is opsioneel.
C is 'n saak van gewilligheid.
D word slegs deur besighede betaal.

Kopiereg voorbehou 

1.1.6 ... is 'n beginsel van belasbare inkomste.

A Kort basering
B Toereikendheid
C Onverenigbaarheid
D Ongerief

1.1.7 Hoe meer mense verdien, hoe ... is die belastingkoers.

A laer
B meer stabiel
C hoër
D minder

1.1.8 ... is vrygestel van die betaling van belasting.

A Winsgewende instellings
B Maatskappye
C Nie-winsgewende instellings
D Werkers

1.1.9 'n ... skedule gee besonderhede van 'n plan van aksie in 'n sekere volgorde binne 'n bepaalde tyd.

A Beheer
B Koördinasie
C Algemene
D Aktiwiteit

1.1.10 ... is die gebruik van fiskale beleid deur die regering om ekonomiese groei te stimuleer.

A Maatskaplike toelaes
B Aansporings
C Invoer bevordering
D Storting

(10 × 2) (20)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 'n Belastingbetaler ontvang 'n meetbare waarde vir elke eenheid van geldeenheid wat oorbetaal word in die vorm van belasting.

1.2.2 Provinsiale regerings mag nie belasting op weddenskappe hef nie.

1.2.3 Aftrekkings impliseer dat belasting gewoonlik van toepassing is op netto inkomste.

1.2.4 Die begroting is 'n beleidsverklaring van geloof, ideale en aspirasies wat in finansiële terme uitgedruk word.

Kopiereg voorbehou 

1.2.5 Persoonlike belasting verteenwoordig die meerderheid van staatsinkomste.

1.2.6 Die begrotingsdebat vind plaas voordat die begroting in die parlement ter tafel gelê is.

1.2.7 Die minister van finansies is 'n belasting invorder.

1.2.8 Die standaard uitgawe items word nie in die finansiële skedule van die begroting uiteengesit nie.

1.2.9 Inkomste is 'n bron van fondse.

1.2.10 Suid-Afrika se begrotingsjaar strek van 1 April tot 31 Maart elke jaar.

(10 × 2) (20)

1.3 Voltooi die volgende sin of sinne deur die ontbrekende woord of woorde neer te skryf. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 ... belasting is 'n belasting wat die regering oplê op finansiële inkomste wat deur alle entiteite genereer/verdien word.

1.3.2 Individue en besighede word deur die wet verplig om elke jaar 'n ... belastingopgawe in te dien om vas te stel of hulle enige belasting verskuldig is of kwalifiseer vir 'n terugbetaling.

1.3.3 ... belasting is belasting wat betaal word wanneer aankope gemaak word op spesifieke goedere soos petrol.

1.3.4 Belasting wat betaal word op die invoer van goedere word ... belasting genoem.

1.3.5 ... is 'n proses om 'n plan te skep om jou geld te spandeer.

1.3.6 'n Begroting word uitgedruk in kwantitatiewe of ... terme.

1.3.7 Vir 'n begroting om veranderinge in die veranderende omgewing toe te laat, word dit na verwys as ...

1.3.8 ’n Regering se begroting is 'n finansiële staat wat die regering se voorgestelde inkomste en ... voorstel.

1.3.9 Belasting wat op eiendomsbelasting geassesseer word, word na verwys as ... belasting.

1.3.10 Die ... begroting is 'n begroting wat geld toeken vir die verkryging van vaste bates.

(10 × 2) (20)

Kopiereg voorbehou 

1.4 Kies die korrekte woord of woorde uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 Die doel van belasting is om (inkomste/lenings) in te samel om in openbare uitgawes te voorsien.

1.4.2 Besteding deur die owerheid aan kollektiewe behoeftes soos pensioen en infrastruktuur word (openbare besteding/besigheid besteding) genoem.

1.4.3 Assesserings koerse is belasting betaal op die (beraamde waarde/vasgestelde waarde) van u eiendom.

1.4.4 Omsetbelasting is 'n belasting wat (inkomstebelasting/buitelandse belasting) vervang vir kwalifiserende mikrobesighede.

1.4.5 Een van die hoofdoelstellings van die staat se begroting is om (wins en verlies/inkomste en uitgawes) te voorspel.

1.4.6 'n (Inkomste/Uitgawe) begroting toon die inkomste en kapitaal uitbetaling van die beramings in verskeie departemente.

1.4.7 'n Regering se bedryfsbegroting gebaseer op die bereiking van spesifieke inkomstevlakke word 'n (inkomste/uitgawe) begroting genoem.

1.4.8 Die (ontvangstydperk/terugbetaling tydperk) is een van die instrumente van besluitneming vir kapitaalbegroting.

1.4.9 Netto huidige waarde is die (verskil/som) van die huidige waarde van die kontantinvloei en die huidige waarde van die kontantuitvloei.

1.4.10 Die regering se begrotingstoespraak word deur die (minister van finansies/minister van handel en nywerheid) in die parlement ter tafel gelê.

(10 × 2) (20)

Kopiereg voorbehou 

1.5 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.5.1 | Goedkeuring | A | 'n verhoging in die prys van 'n ingevoerde item wat dit duurder maak |
| 1.5.2 | Beheer | B | personeel van een departement na 'n ander verskuif |
| 1.5.3 | Aftrekkings | C | vergelyk beraamde uitgawes en inkomste |
| 1.5.4 | Oordrag | D | betalings vir omgewingsdienste |
| 1.5.5 | Verbruikerstariewe | E | politieke aspirasies wat bekommernis veroorsaak |
| 1.5.6 | Heffings | F | uitdrukking van positiewe mening oor begrotingsdebat |
| 1.5.7 | Boedelbelasting | G | belasting op jag en visvang |
| 1.5.8 | Gebruikerkoste | H | belasting gehef op bate van die oorledene |
| 1.5.9 | Aksyns | I | koste afgetrek van inkomste vir belastingdoeleindes |
| 1.5.10 | Spanning | J | belasting op goedere wat in die land vervaardig en gebruik word |
| | | K | belasting betaal op die inkomste van 'n individu |

(10 × 2) (20)
**[100]**

**TOTAAL AFDELING A: 100**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in AFDELING B.

### VRAAG 2

2.1 Wat is die primêre doel van belasting? (2)

2.2 Noem VYF beginsels van belasbare inkomste. (5 × 2) (10)

2.3 Bespreek die *herverdeling van rykdom* onder die volgende:

2.3.1 Betekenis (2)

2.3.2 VYF metodes van rykdom herverdeling (5 × 2) (10)

2.4 Verduidelik die volgende terme:

2.4.1 Belastingaftrekkings

2.4.2 Vrystellings

2.4.3 Aansporings

(3 × 4) (12)

2.5 Noem die VYF basiese stappe wat gevolg moet word wanneer die begroting voorberei word. (10)

2.6 Wat is 'n aktiwiteitskedule? (4)

**[50]**

### VRAAG 3

3.1 Verduidelik DRIE tipes belasting wat deur 'n individu betaal word en gee EEN voorbeeld van elk. (15)

3.2 Noem die TWEE tipes begrotings wat deur plaaslike regering toegepas word. (2)

3.3 Noem VYF klassifikasies in 'n kapitaalbegroting waarvolgens dinge prioriteit geniet. (5 × 2) (10)

3.4 Bespreek DRIE hoofbronne van bedryfsbegroting finansiering. (9)

3.5 Bespreek *kapitaalbegroting* onder die volgende:

3.5.1 Betekenis van kapitaalbegroting (2)

3.5.2 Kapitaalbegroting instrumente (3 × 4) (12)

**[50]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 4**

4.1 Noem en verduidelik kortliks DRIE tipes oudit wat van toepassing is op openbare sektor finansies. (3 × 5) (15)

4.2 Voorsien VYF doelwitte van belasting. (5 × 2) (10)

4.3 Wat is die TWEE hoof doelwitte van 'n begrotingsrede in Suid-Afrika? (2 × 2) (4)

4.4 Bespreek VYF doelwitte van die staat se begroting. (15)

4.5 Watter is die VIER stappe betrokke by 'n begrotingsiklus? (4)

4.6 Verduidelik die term *virement* in die departementele/owerheidsbegroting. (2)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou